

SAAMGESTEL DEUR
LIZAL JANSE VAN RENSBURG,
HIK@media24.com



Reis veilig

September was Vervoer-
maand en Huisgenoot in
die Klaskamer het gaan
kyk watter vervoer-
middels jy en jou maats elke
dag gebruik en hoe julle
dit veilig kan doen

ELKE jaar sterf kinders op ons paaie en elke kind wat sterf, is een te veel. Dit is belangrik dat alle padgebruikers die verkeersreëls moet nakom en veilig ry, maar het jy geweet voetgangers en fietsryers het ook 'n verantwoordelikheid om die reëls te gehoorsaam? Julle is die volgende generasie en moet sorg dat Suid-Afrika veilige vervoermiddels en verantwoordelike voetgangers het. Lees hier hoe julle dit nou al kan begin doen.

Gebruik die artikel as 'n gids wat julle as 'n gesin en/of klas kan deurlees en toepas. Doen ook die aktiwiteit en sorg dat julle weet hoe om veilig oor 'n straat te loop, hoe om altyd vir motoriste sigbaar te wees, hoe om 'n goeie passasier te wees en hoe om jou fiets veilig te ry. Kennis is mag en as jy eers weet hoe, sal jy nie jousef of ander in gevaar stel nie.

TAXI'S EN MOTORS

Jy (as passasier) en die bestuurder van 'n voertuig het albei regte en verantwoordelikhede:

Jy het die **reg** om te weier om saam te ry as:

- > Die bestuurder te vinnig ry.
- > Hy drink en bestuur.
- > Hy roekeloos ry en padreëls verontagsaam.
- > Die voertuig onpadwaardig is.
- > Die bussie, taxi of motor oorlaai is – is daar meer passasiers as sitplekke?

Wat om te doen Wag vir 'n volgende taxi, bus of saamrygeleentheid. Sorg dat jy op 'n veilige plek wag. Vra jou maats om saam met jou te wag. As een van julle 'n selfoon het, kan julle dié vra om vir julle alternatiewe vervoer te reël. Moenie jul lewe op die spel plaas en saam met 'n roekelose bestuurder in 'n voertuig klim nie. Wees liewers laat, maar veilig.

Dis jou **verantwoordelikheid** om:

- > Jou veiligheids gordel vas te maak.
- > Stil te sit en nie heeltyd te raas en die bestuurder se aandag af te trek nie.
- > Nie by vensters uit te hang of jou ledemate by 'n venster uit te steek nie.
- > Te wag tot die voertuig stilhou voor jy uitklim.

HOOFFOTO: Leerders van verskillende skole gaan met die trein op 'n uitstap na Wellington in die Wes-Kaap. Staan hulle op 'n veilige plek? Bespreek dit in die klas.

BUSSE

Wanneer jy op 'n bus klim, moet jy die volgende in gedagte hou:

- > Sorg dat jy nie **los belts**, rug-sakbande, ander items of kleredra wat aan busdeure of -relings kan vashaak nie.
- > Sorg dat jy **betyds** by die bus halte is en moenie in die pad staan of speel terwyl jy wag nie.
- > Gaan staan saam met ander passasiers in 'n tou wanneer die bus aankom en **nie in die pad nie**.
- > Wag tot die bus **heeltemal tot stilstand kom** voor julle inklim.
- > Klim **een-een** in die bus.
- > Soek **dadelik** 'n sitplek en gaan sit. Moenie jou hande, kop of arms by die vensters uitsteek nie en moet ook nie te veel raas nie; dit kan die bestuurder se aandag aftrek.
- > Sorg dat jy weet waar die bus se **nooduitgange** is.
- > Hou die **paadjies skoon** en moenie tasse en ander goed daar neersit waaroor ander kinders kan val nie.
- > Wag tot die bus **stilhou** voor jy opstaan om af te klim.
- > Moet nooit **agter of voor** 'n bus gaan staan nie.

TREINE

Op 'n treinspoor geniet 'n trein voorrang bo voetgangers en motoriste:

- > 'n Trein **kan nie vinnig stilhou nie**, want dit weeg 'n paar honderd ton. Daarom is dit uiters gevaarlik om op treinspore te speel en op of naby treinspore kans te waag.
- > 'n Paar jaar gelede is berig oor **train surfing** in Suid-Afrika. Dit is wanneer kinders op 'n bewegende trein se dak staan. Dit is allesbehalwe koel; dis lewensgevaarlik. Moet nooit hierby betrokke raak nie.
- > Dit is ongelukkig ook 'n feit dat baie misdade op van ons treine voorkom. Maak daarom seker dat die trein waarmee jy ry, **veilig** is en dat jy altyd saam met 'n groep maats ry. Sorg dat 'n volwassene altyd weet wanneer jy vertrek en dat iemand jou by jou bestemming verwag. Jy kan vir ander mense wat reeds van die treindiens gebruik maak, vra wat hul ondervinding is en of dit veilig is.

FIETSE

Fiets is deel van die verkeer; daarom moet fietsryers sekere reëls volg:

- > Hou links.
- > Ry agter mekaar, nie langs mekaar nie.
- > Stop by stopstrate en verkeersligte wat rooi is.
- > Gebruik handseine wanneer jy gaan draai.
- > Dra 'n valhelm om jou kop te beskerm.
- > Wees heeltyd bewus van wat om jou gebeur – kyk gereeld oor jou skouer.
- > Dra opvallende kleure sodat motoriste jou makliker kan raaksien.
- > Sorg dat jou fiets in 'n goeie en werkende toestand is.



Dis jou verantwoordelikheid om jou te gedra wanneer jy van openbare vervoer gebruik maak.

Doen 'n meningspeiling
Hoeveel klasse is daar in jul graad? As daar vyf klasse is, kan julle jul klas in vyf groepe verdeel. Laat elke groep op 'n naam besluit en doen dan 'n meningspeiling by een van die klasse in jul graad. Gebruik die tabel hieronder. As daar te min klasse in jul graad is, kan julle van die ander grade se klasse gebruik.

Naam van groep
Datum Klas wat aan die peiling deelneem

Vervoermiddel skool toe	Merk met kruisies af hoeveel leerders van hierdie soort vervoer gebruik maak	Totaal
Stap		
Bus		
Trein		
Motor		
Fiets		
Taxi		
Ander maniere		

Hou nou 'n klasbespreking hieroor

- > Hoe kom die meeste leerders by die skool? Hoekom dink julle is dit so?
- > Watter vervoermiddel word die minste deur die leerders gebruik? Hoekom dink julle is dit so?

(Blaai om)



NUUSBROKKIE
Suid-Afrika sal binnekort met 'n splinternuwe openbare vervoerstelsel spog. 'n Goeie, betroubare, vinnige en stiptelike busdiens vir Suid-Afrika se groot stede is aan die kom en word vir 2010 beoog. Lees daarvoor by <http://www.arrivealive.co.za/pages>.

(Van vorige bladsy)

VOETGANGERS

Voetgangers dink dikwels hulle kan maar net na hul bestemming loop sonder om hulle oor padveiligheid te bekommer. Maar hulle het ook verantwoordelikhede:

- > **Loop op die sypaadjie** en nie in die pad nie. Onthou ook om die sypaadjie met ander te deel sodat hulle nie in die pad hoef te loop om verby jou te kom nie.
- > As daar geen sypaadjie is nie, moet jy so ver moontlik aan die **regterkant** van die pad loop sodat jy die aankomende verkeer kan sien. So bly jy uit die verkeer se pad en kan jy aankomende voertuie dadelik sien.
- > **Hoe 'n mens 'n pad oorsteek:** Kyk regs, links en weer regs vir aankomende verkeer. Steek die pad oor as daar geen voertuie aankom nie – maar bly op die uitkyk en spits jou ore vir verkeer wat jy dalk nie raakgesien het nie. Loop vinnig oor die pad, maar moenie hardloop nie, want dan het jy 'n groter kans om te val en is jy ook minder opletend. Stap reguit oor en nie skuins nie. Dit is die kortste pad.

Onthou dit is altyd die veiligste opsie om 'n pad oor te steek by 'n sebrastreek of 'n verkeerslig waar jy 'n knoppie kan druk sodat die lig rooi word vir motoriste. Dan kan jy veilig oorstap. Wanneer jy die groen mannetjie sien, kan jy vinnig oorstap. Steek 'n nasionale pad slegs oor by 'n oorbrug vir voetgangers – moenie oor die pad loop nie!

> **Sien en word gesien:** Moet nooit vinnig voor 'n motor of agter 'n motor in- of verbyhardloop nie. Maak oogkontak met bestuurders voor jy 'n pad oorsteek. Dan weet jy hulle sien jou raak. Onthou ook dat jy altyd 'n voertuig by 'n oprit kan verwag. As jy en jou maats verby 'n oprit stap, moet julle sorg dat julle jul oë oophou vir voertuie. Dra helder kleure sodat die bestuurders van voertuie julle makliker kan raaksien. Dan is die kans skraler dat hulle julle sal raakry. □

NOODNOMMERS
Bêre hierdie nommers op jou selfoon as jy een het, of knip dit uit en hou dit in jou skooltas.


Polisie..... 1011
Ambulans..... 10177
Noodnommer..... 112
Netcare 911..... 082911

Laai hierdie plakkaat en ander af vir jul klas-kamer by www.arrivealive.co.za.

WENKE VIR VOETGANGERS

As jy 'n besige straat wil oorsteek, is dit 'n goeie idee om voetoorgange met verkeersligte te gebruik. Maak seker jy weet hoe dit werk. Daar is 'n knoppie wat jy kan druk. 'n Tydjie daarna sal die lig rooi word vir die verkeer en 'n groen mannetjie soos op hierdie foto sal verskyn. Dit beteken dit is veilig vir jou om oor die straat te stap. Maak nogtans doodseker deur links en regs te kyk. As die mannetjie rooi is, mag jy nie oor die straat stap nie en geniet die verkeer voorrang. Maar jy kan steeds die knoppie vir voetgangers druk om die lig na groen te laat verander.

Meer as 10 000 mense sterf elke jaar op die pad. Van hulle is 40 persent voetgangers.



Vind meer uit

- > Loer by hierdie webtuiste vir meer oor veiligheid op treine <http://www.oli.org>
- > Die Suid-Afrikaanse veldtog Arrive Alive se webtuiste is propvol padveiligheidswenke www.arrivealive.co.za
- > Vind ook meer uit oor die Gautrein by www.gautrain.co.za

Vir opvoeders

Lees en bespreek
Lees die artikel saam met die leerders deur. Hou dan 'n klas-bespreking oor die volgende:

- > Wie van julle het die afgelope week 'n gevaarlike situasie op die pad beleef? Wat het gebeur? Hoe kon dit vermy word?
- > Dink julle bewustelik aan wat om julle aangaan as julle op die pad is of is julle besig met ander goed soos SMS'e, gesels, dag-droom en na goed kyk?
- > Wie dink julle is die grootste oortreders op die pad? Hoekom?
- > Dink julle julle kan bydra tot die veiligheid op ons paaie? Indien wel, hoe?

Bespreek die plakkaat
Die plakkaat is by die webtuiste www.arrivealive.co.za te kry.

PLAKKAAT 1
Laat die leerders in pare werk. Gee hulle geleentheid om die plakkaat te bestudeer. Laat die leerders nou die volgende vrae in hul werkboeke beantwoord:

- > Waarvoor gaan die plakkaat?
- > Het passasiers tyd om in 'n ongeluk te reageer?
- > Wanneer moet jy jouself vasgordel?
- > Hoekom moet jy jouself vasgordel?
- > Hoe moet kinders wat agter in 'n voertuig sit hulself vasgordel as daar geen spesiale sitrplekgordels vir kinders is nie?
- > Wat is die Arrive Alive-inbel-sentrum se nommer?
- > Drie organisasies ondersteun die Arrive Alive-veldtog. Watter organisasies is dit?
- > Noem twee situasies waartydens bestuurders hul spoed moet aanpas.

PLAKKAAT 2
Laat die leerders weer in pare werk. Gee hulle dan geleentheid om plakkaat 2a te bestudeer. Kyk nou na die skets (2b) links bo.

- > Kan jy sien watter voetgangers hulself in gevaar stel? Hulle oortree vier reëls. Kyk of julle kan sien wat dit is. (Antwoorde onder.)
- > Watter ander gevare kan julle op die plakkaat sien? (Die antwoorde is ook hieronder.)

PLAKKAAT 3
Laat die leerders nou in groepe werk. Gee vir elke groep 'n naam wat verband hou met padveiligheid.

Gee hulle geleentheid om die plakkaat te bestudeer.

Lees weer die stuk oor voetgangersigbaarheid saam met die leerders deur.

Elke groep kry nou die geleentheid om die plakkaat oor voetgangersigbaarheid te herontwerp.

Hulle moet hul verbeelding gebruik en 'n kreatiewe en treffende plakkaat skep:

- > Gebruik helder en maklik sigbare kleure (voetgangers moet ook sigbaar wees).
- > Voeg 'n paar wenke by vir voetgangers om opsigtelik te wees wanneer hulle die pad oorsteek. Hou dit kort en treffend. Onthou wanneer 'n plakkaat te veel inligting bevat, raak dit moeilik om te lees.

Laat die groepe nou mekaar se werk evalueer:

Datum

Groep wat geëvalueer word

Evalueerdergroep

	Stem saam en gee rede	Stem nie saam nie en gee rede
'n Treffende, kreatiewe plakkaat		
Ons kon dit duidelik lees en die inligting was leersaam		
Algemene punt uit vyf (5 = beste punt, 0 = swakste)		

PLAKKAAT 4
Gee die leerders geleentheid om die plakkaat te bestudeer. Hou dan 'n klasbespreking oor die volgende:

- > Hoekom dink julle lyk dit asof die opskrif van die plakkaat uit fokus is?
- > Dink julle dis reg om te drink en te bestuur? Kan 'n mens 'n bietjie drink of is dit beter om glad nie te drink nie? Hoekom?
- > Hoe sal julle voel as een van julle ouers of 'n voog deur 'n bestuurder doodgery word wat te veel gedrink het?